

Voorhuwelikse seksuele omgang is nie God se wil nie

Soos dit by die ware liefde pas, gaan die verliefde paartjie in Hooglied heeltemal op in hulle liefde. Dit neem hulle gees en denke geheel in beslag. Die tweespraak is 'n liefdespel:

- Sy smag na sy teenwoordigheid en sy liefkosings.
- *Hy* raak meegevoer deur haar skoonheid wat hy in eksplisiete en tog digterlike taal besing.
- Sy sien sy manlike aantreklikheid raak en spog selfs daarvoor voor die ander vroue.

Dis asof hulle net oë het vir mekaar. En soos die gedig vorder, sien ons ook vordering in hulle verhouding. Die boek Hooglied kom egter deur hierdie beskrywing van hulle hartstog en oorweldigende liefde vir mekaar telkens terug op 'n *tema-vers/keervers* wat drie maal voorkom (2:7; 3:5; 8:4). "*Vroue van Jerusalem, wat is dit dat julle die liefde wakker maak voordat die tyd daarvoor ryp is?*"

Die hartstog van die liefde vra altyd na meer. In 'n liefdesverhouding groei die behoefte na mekaar en daar kom 'n dag dat die tyd vir volle geestelike én liggaamlike oorgawe ryp is. Daarvoor het God die huwelik ingestel. Wie hom/haar hieraan vergryp, vergeet dat die agtergrond van Hooglied juis die feit is dat die huwelik 'n afbeelding Christus en sy kerk is. Ons is nou geestelik aan Christus verbind (verloof) deur die bruidskat wat Hy ten volle by Golgota betaal het, maar eers by die groot Bruilof van die wederkoms van Christus word dit 'n ewige huwelik, waarin ons na liggaam én siel ewig in volle gemeenskap met Christus sal wees. So moet ook ons verhoudinge voor die huwelik nie 'n vergryp wees aan die voorregte van die huwelikslewe self nie.

Verliefdes mag dus die gawe van hulle liefde met al die hartstog beleef, maar met die grense wat hier in Hooglied by herhaling voor gewaarsku word. Dus is nie net die huwelik 'n afbeelding van Christus en sy kerk nie, maar ook ons lewe voor en buite die huwelik. Dan word die Here ook deur jou liefdeslewe verheerlik. As dit in jou lewe 'n stryd sou word om rein te bly in jou liefdesverhouding voor julle getroud is, sal dit goed wees om gereeld saam as verliefdes die Here te vra om julle deur die krag van sy Gees te bewaar, sodat julle liefdesverhouding rein kan bly tot die dag dat julle getroud is. Hy wat julle na mekaar toe gelei het, sal ook getrou wees en julle deur sy Heilige Gees die krag gee tot selfbeheersing (Gal 5:22).

Sing: Skrifberyming 5-3:1